# SA BOERPERD
## 2012 NUUSBRIEF No. 3

*Geagte Boerperd Vriende*

*Die jaar 2012 het verby gevlieg – 'n mens kan nie glo dat ons al besig is met voorbereidings vir die Kersseisoen nie! Neem gerus so tussen die gejaag deur net 'n blaaskans en geniet ons laaste nuusbrief met nabetragtings oor 2012 en vooruitskouings vir 2013.*

*Soos u reeds weet, het ons toe nie 'n nuusbrief gedurende September 2012 uitgebring nie. Ons web-blad het egter goed gefunksioneer in die plek daarvan, aangesien alle korrespondensie merendeels gemik was op die Nasionale skou, en dus voortdurend beskikbaar en opgedateer moes word. Later meer daaroor.*

*Namens die Raad 2012/13, myself en my gesin, wil ons dan ook van die geleentheid gebruik maak om aan u een en almal 'n geseënde Christusfees 2012 toe te wens. Mag u opnuut die koms van ons Verlosser ontdek en daarmee saam die Nuwejaar met vreugde ingaan.*

*Groete*

*Piet Grové*

President 2012/13

Ons kantoor sal gesluit wees vanaf 14 Desember 2012 tot 3 Januarie 2013

In hierdie Nuusbrief:


1. Raad 2012/13
   - 1.1 Raadslede
   - 1.2 Raadsvergaderings
   - 1.3 Raadsbesluite
2. Kommunikasie
   - 2.1 Web-blad
   - 2.2 Facebook
   - 2.3 Bemarking
3. Nuwe lede
4. Keurings
   - 4.1 Sentrale Hingskeurings
   - 4.2 Keuring van merries / reuns
   - 4.3 CEM
5. Belangrike datums 2013
   - 5.1 Skoudatums
   - 5.2 Veilings
6. Verbode middels
7. Deelsgeteelde SA Boerperd
8. Prestasies
   - 8.1 Morgan Ruiterkuns Span 2013
   - 8.2 Meriete toekennings
   - 8.3 Buite prestasies
9. 2013: 40 Jarige Bestaan van die SA Boerperd as ras
10. Finansies




Nuusbrief saamgestel deur:
Charles van Schalkwyk & Petro Grové

# 1. Die Raad 2012/13 (verwys AJV, 6 Oktober 2012)

## 1.1 Raadslede & Portefeuljes

| Naam & Van | Potefeulje | Selnommer | E-pos adres |
|---|---|---|---|
| Piet Grové (President) | Bestuur van Raad & Stamboek | 082 551 3221 | pietgrove@mweb.co.za |
| Frikkie Combrink (Vise-president) | Skoue & Kampioenskappe | 083 324 2524 | f.combrink@mweb.co.za |
| Jan Joubert (Dagbestuur) | Finansies & Borgskappe | 083 289 9220 | jan@tradeskills.co.za |
| Heleen Pope (Dagbestuur) | SANEF & Meriete | 082 630 1827 | heleenpope@gmail.com |
| Johannes Langenhoven | Regulerende stelsels & Administrasie | 083 314 0913 | jlangenhoven@mtnloaded.co.za |
| Jan van der Wath | Kwaliteitsbeheer | 082 331 6941 | janvdwath@gmail.com |
| Dirk Odendaal | Keurings & Rasstandaarde | 082 586 3197 | dirkenmelissa@gmail.com |
| Lomon Terreblanche | Skakeling, dienslewering & nuwe lede | 082 384 0155 | lterreblanche@gmail.com roemryk@hotmail.com |
| Diederik Cloete | Opleiding & Kursusse | 082 962 6476 | vlampies@webmail.co.za |
| Charles van Schalkwyk | Reklame & Bemarking | 082 821 1940 | charles.v.s.@vodamail.co.za |
| KANTOOR: Elize Prinsloo | SAB Sekretaresse | 051- 4100900 | elize@studbook.co.za |

## 1.2 Raadsvergaderings

Bogenoemde portefeuljes is op die eerste Raadsvergadering (7 Oktober 2012) van die Raad 2012/13 toegeken. Neem asb. die vrymoedigheid om met enige een van hulle te skakel vir die betrokke aangeleentheid soos per portefeulje aan hulle toegken. Ter wille van deursigtigheid, moet alle korrespondensie verkieslik ook aan die kantoor gestuur word. Alle relevante korrespondensie is vir al die lede van die Raad se insae. Dag tot dag sake word as sulks hanteer.

## 1.3 Raadsbesluite

- Petro Grové en Riana Pretorius is deur die Raad aangewys om die Jeugkomitee en hulle aktiwiteite te bestuur. Die Jeugraad sal in die verband gekontak word, en bestaan uit die vorige en huidige SA Ruiterkuns-spanne.

Petro Grove: 0825513221
E-pos: petrogrove@mweb.co.za

Riana Pretorius: 0837559986
E-pos: rianavec@yahoo.com

## 2. KOMMUNIKASIE

**Charles van Schalkwyk**
**Heleen Pope**

### 2.1 Web-blad

Die lang-verwagte web-blad is uiteindelik vir almal beskikbaar om te besigtig. Die web-blad is 'n bron van vinnige kommukasie, asook die vekryging van inligting met die druk van 'n knoppie. Besoek die blad asb. gereeld om op hoogte te bly met die nuutste verwikkelinge, aankondigings, prestasies, skoureëls & datums, vergaderings, veilings, ens. Baie dankie aan Lisa Verwey vir haar moeite met die nuwe bladuitleg.

### 2.2 Facebook

In ons tyd maak netwerke soos *Facebook* kommunikasie maklik en vinnig – dis so ver soos elke persoon se selfoon van hom af. Ons het dus TWEE amptelike *Facebook* bladsye, onder die bestuur van ons genootskap op die been gebring.

i. SA BOERPERD TELERSGENOOTSKAP/ BREEDERS SOCIETY
http://www.facebook.com/#!/pages/SA-BOERPERD-TELERSGENOOTSKAP-BREEDERS-SOCIETY/119293908113876

ii. SA BOERPERD PICTURES AND SALES.
http://www.facebook.com/#!/groups/saboerperdpictures/

Besoek gerus die bladsye en lewer positiewe insette. Ons wil egter net vriendelik versoek dat u verantwoordelik met u kommentaar sal omgaan. Dit is 'n vertoonvenster van ons ras en sy mense.

Die onderskeie klubs het elkeen hulle eie blad waar hulle aktiwiteite aangekondig word, mense binne hulle streek met mekaar kommunikeer ens. Vind jou naaste klub hierso:

- VRYSTAAT SA BOERPERD KLUB / CLUB:
  http://www.facebook.com/#!/groups/113858508636106/
- GAUTENG SA BOERPERD CLUB/KLUB:
  http://www.facebook.com/#!/groups/118945004786602/
- KZN SA BOERPERD KLUB:
  http://www.facebook.com/#!/groups/118413358170800/?fref=ts
- HOëVELD SA BOERPERD KLUB:
  http://www.facebook.com/#!/groups/114204098603336/?fref=ts

Ander lekker kuier faceboek bladsye is:

- SA BOERPERD TELERS / BREEDERS
  'n Lekker plek vir tellers om te gesels oor teling sake.
  http://www.facebook.com/#!/groups/127402483937506/?fref=ts

- SA BOERPERD:
  Die meer informele blad, waar almal lekker "kuier" en lekker gesels rondom hoe oulik ons ras is, hulp vra ens.
  http://www.facebook.com/#!/groups/92490728671/?fref=ts

## 2.3 Bemarking

**Raad**

Die *Facebook* blad SA BOERPERD PICTURES AND SALES is geskep sodat almal hulle foto's met mekaar kan deel, sowel as om 'n platform te skep waar ons ons perde kan bemark. Sodoende kan 'n verkoper direk met die koper skakel, sonder om 'n tussenganger te gebruik. Hierdie blad is SLEGS vir SA Boerperde en foto's van SA Boerperde geskep met die positiewe kommentaar wat daarmee gepaard gaan.

Let ook daarop dat talle SA Boerperd Stoeterye ook hul eie *Facebook* blad, onder hul stoet se naam administreer. Deur in te skakel by bg. ampetelike SA Boerperd *facebook* blaaie, is almal dan ook onderling aan mekaar verbind, en dis maklik om te kry.

*Facebook* sal egter nooit die geskrewe woord kan vervang nie. Daarom wil ons dit weereens onder die aandag bring dat ons nuwe SA Boerperd Joernaal, waarop ons baie trots is, by al bogenoemde Raadslede beskikbaar is. Dit is 'n handige inligtingsbron vir die ras en elke SA Boerperd eienaar en perderuiter behoort so 'n boek te besit.




## 3. NUWE LEDE

**Lomon Terrebalnche**

Ons verwelkom die nuwe lede wat sedert Augustus 2012 by ons aangesluit het. Skakel gerus in by julle naaste SA Boerperd Klub deur die voorsitter te kontak. Besonderhede is op die web-blad. Lomon Terreblache is die Raadslid wat julle met sy jarelange ekspertise met raad en daad kan bystaan.

Nuwe lede:

- Louw AJ (Dries), Upington – KHAKIBOS
- Strydom MG (Marnus), Bultfontein – MARMIC
- Kritzinger Sueline, Paarl – NIE TELER
- Kleynhans Johan, Swellendam – NIE TELER
- Theunissen Vicqui, Swellendam – TANQUA
- Bosman HP (Hennie), Kokstad – ZONNEBLOM
- Badenhorst CE (Karien), Pietersburg – VOORSLAG
- De Jager Familie, Erasmuskloof – O-LA-LA Boerdery.

## 4. KEURINGS 2013

**Dirk Odendaal**

### 4.1 Sentrale Hingskeuring

Gedurende die AJV (6 Oktober 2012), het die vergadering gestem ten gunste van 'n sentrale hingskeuring stelsel. Die stelsel word vanaf 2013 geïmplementeer. Die plek en datum, asook die kostes daaraan verbonde sal in ons volgende nuusbrief, sowel as op die web-blad aan u deurgegee word. Ons sal u ook op hoogte hou met die opgedateerde prosedures om die verloop daarvan glad en prakties haalbaar te maak.

### 4.2 Keuring van merries / reuns

Die aansoeke vir die keuring van merries en reuns sluit 11 Januarie 2013. Aansoekvorms is beskikbaar op die web-blad (www.saboerperd.com) onder die opskrif Administratief, heel onder aan die bladsy. Maak asb. ook seker dat u aan die voorvereistes voldoen om onnodige teleurstelling te voorkom (Web-bladsy, Administratief: Grondwet, Bylae I).

### 4.3 CEM (Contageous Equine Metritis)

**SA Stamboek**

Alle hingste moet steeds jaarliks getoets word vir CEM. Geen aangetekende diere sal gekeur word indien 'n hings nie 'n toets ondergaan het nie. Daar is 'n lys van hingste wat die toets geslaag het op die internet (WEBTUISTE: http://www.cemsa.co.za). Gaan gerus die "cleared stallion list" na (Verw. SA Boerperd Nuusbrief 2012/2).

## 5. BELANGRIKE DATUMS 2013



### 5.1 SA Boerperd Kampioenskappe & Skoue

- WP Streekskampioenskap, Riversdal : 13 – 16 Februarie 2013
- Horse of the Year Skou, KEP : 15 Februarie 2013
- Mpumalanga Streekskampioenskap, Ermelo : 21 – 23 Maart 2013
- WP Klubskou, Swellendam : 11 – 13 April 2013
- Vrystaat Streekskampioenskap, Bloemfontein : 29 April – 2 Mei 2013
- KZN Streekskampioenskap, Vryheid : 10 – 13 Julie 2013
- Gauteng Streekskampioenskap, Misty Meadows, Pretoria : 14 – 17 Augustus 2013
- Nasionale Kampioenskap, Afri-Dome,Parys : 23 – 28 September 201

### 5.2 SA Boerperd Veilings 

- Ludwig & Riadcor Veiling : 6 April 2013
- Lekkerkry veiling : 6 Apil 2013

  Met gasverkopers: volwasse ryperde vir sport en plesier
- Top 3 Veiling : 15 Junie 2013
- Calela Veiling : 9 Augustus 2013
- N3 Veiling : 2 November 2013

## 6. VERBODE MIDDELS

**Raad**

Indien u onseker is oor watter middels verbode is tydens kompetisies, kan u uself gerus vergewis van die FEI lys van vebode middels. Gaan soos volg te werk:

i. Internet adres: www.feicleansport.org
ii. Klik op *Pohibited substance list*
iii. Klik op *Live database* (laer op die bladsy)
iv. Tik die naam van die medisyne waaroor wil navraag doen, in.
Daar sal inligting verskyn rakende die gebruike van die medikasie, sowel as hoe lank dit neem om uit die perd se sisteem te onttrek. Sodoende sal u kan vasstel hoe en wanneer u medikasie voor kampioenskappe verantwoordelik kan toedien.

Daar is ook 'n lys van hierdie middels beskikbaar op ons web-blad. Maak asb. seker dat u nie in die toekoms hierdie medisyne onwetend toedien nie. Bloedmonsters kan na reg te enige tyd, van enige deelnemende perd tydens 'n kampioenskap (skou) geneem word. Die onus berus op die eienaar van die perd om aan die veearts toestemming te gee vir die toediening van medisyne. Stel te alle tye die welsyn van u perd eerste, al sou dit beteken dat die perd eerder van skouklasse onttrek word.

## 7. DEELSGETEELDE SA BOERPERD

Dit blyk dat daar tans onduidelikhede bestaan rakende die *Deelsgeteelde SA Boerperd.* Die besluit om deelsgeteelde SA Boerperde aan te teken, te keur en te brand is reeds op die AJV goedgekeur. Ter wille van eenvormigheid is daar sekere **reëls en vereistes** wat sal geld vir deelsgeteelde SA Boerperde wat in aanmerking wil kom vir aantekening en registrasie:

i. Een van die ouers moet 'n rasegte geregistreerde SA Boerperd wees, dus sal 'n perd wat deurgaan as 'n deelsgeteelde perd **50% SA Boerperd** moet wees.
ii. Ter wille van **DNA toetsing** moet daar haarmonsters ingedien word. Dit geld vir die spesifieke perd of vul, sowel as van beide ouers, indien nog lewend en opspoorbaar.
iii. **Vulpapiere** moet steeds ingevul word, maar waarin aangedui word dat dit 'n Deelsgeteelde perd is. Derhalwe moet die perd ook geïdentifiseer word en **tatoeeërnommer** en **tatoeërmerk** hê. Ook die **teler se eie brandmerk** moet op die dier wees.

iv. Deelsgeteelde perde moet steeds aan die **basiese bouvormstandaarde** van die SA Boerperd voldoen.

v. Omdat elke teler sy eie teikenmark(te) sal hê, bv. die een s'n is Sportperde vir Spring en Dresseer, of 'n ander een s'n weer Kinderponies is, gaan **elke teler sy eie keurder** wees en sy perde – met motivering van sy teeldoelwitte – aan die keurders voorhou tydens keuringstoere.

vi. Sulke Deelsgeteelde SA Boerperde kry hierna 'n **eie brandmerk**, die kenmerkende SA Boerperd hoefyster, maar met 'n "X" binne – in. Daarnaas sal die kantoor 'n **registrasiesertifikaat** kan uitreik dat so 'n perd 'n Deelsgeteelde SA Boerperd is.

vii. Deelsgteelde SA Boerperde word nie toegelaat om aan SA Boerperd Kampioenskappe en Skou deel te neem nie. Dit bly die platform waar rasegte SA Boerperde teen mekaar en aan spesifieke rasstandaarde gemeet word.

## 8. PRESTASIES

### 8.1 SA Boerperd Ruiterkuns Span

**Liezelle Whitehead**

Tydens ons Nasionale Skou te Parys (1 Oktober 2012), is proewe gehou om 'n nuwe SA Boerperd Ruiterkuns span te kies wat in 2013 weereens teen die Morgan perde kan kompeteer. Die internasionale ruiterskuns kompetisie vind gedurende 2013 op eie bodem plaas. Hou gerus die web-blad dop vir verdere inligting. 18 ruiters het aan die streng proewe deelgeneem waartydens hulle hulle vernuf in "saddle seat", sowel as "standard seat" moes wys. Nadat die ruiters hul voorbereide toetse op hul eie perde, sowel as onbekende perde gery het, het die beoordelaars uiteindelik die span aangekondig. Ons is baie trots op ons 2013 SA Boerperd Ruiterkuns Span. Daar is 5 ruiters gekies vir die 2013 span, naamlik:

- Linda Mentjies
- Judith Kritzinger
- Olga Sfigakis
- Jade Hancke
- Anja Uys.




Baie geluk aan julle almal. Sterkte met die oefenkampe en voorbereidings vir die sterk kompetisie wat voorlê in 2013. Ons weet ons kan op julle staat maak om die SA Boerperde se naam hoog te hou.

## 8.2 Meriete Toekennings

**Heleen Pope**

Die volgende perde was suksesvol met aansoeke vir Meriete toekennings:



1. Jurust 86 Fire – Jurust Stoet – 5-Gang – Brons 56 punte
2. Langsig Paran – Luca Hartman – Ryklasse – Brons 41 punte
3. Carel Hancke Joe Black – Kylin Stoet – Ryklasse – Brons 60 punte
4. Lang Carel Oscar – Kylin Stoet - Ryklasse – Goud 105 punte
5. B3 Koraal – Kylin Stoet – Bouvorm – Goud 85 punte
6. B3 Koraal – Kylin Stoet – Ryklasse – Goud 142.5 punte
7. Calela Oscar – Tokoza Stoet – Bouvorm – Silwer 56 punte
8. Mahashi Euro – Nikka Stoet – Ryklasse – Goud 107 punte
9. Henka Mooinooi – Wenners Stoet – Tuig en 5-Gang - Silwer 83 punte
10. Calista Generaal – Hoefstraal Stoet – Ryklasse – Brons 64 punte
11. Goudhoek Willem – Hoefstraal Stoet – Ryklasse – Brons 61 punte
12. Lang Carel Viceroy – Hoefstraal Stoet – Ryklasse – Brons 65 punte
13. Michmar Dolfyn – Hoefstraal Stoet – Ry- en Tuig klasse – Silwer 76 punte
14. Opstaan Hoefstraal – Hoefstraal Stoet – Ryklasse – Goud 116 punte
15. Calela Weepee – Calela Stoet – Ryklasse – Diamant 314.5 punte
16. Calela Lourier – Calela Stoet – Ryklasse – Goud 110.5 punte
17. Calela Laventel – Calela Stoet - Bouvorm – Silwer 68 punte
18. Calela Voorspoed – Calela Stoet - Bouvorm – Goud 111.5 punte
19. Calela Voorspoed – Calela Stoet – Ryklasse – Goud 119.5 punte
20. Calela Landman – Calela Stoet - Ry- en Tuig Klasse – Platinum 205.5 punte
21. Calela Okapi – Calela Stoet – Ryklasse – Brons 55 punte
22. Calela Longtom – Calela Stoet – Ryklasse – Goud 104.5 punte
23. Uitblink Koning – Elaine Erasmus – Ryklasse – Goud 100 punte
24. Uitblink Koning – Elaine Erasmus – Bouvorm – Brons 26 punte
25. Edel Eta – Margaux Roux – SAEA Skouspring – Brons 51 punte
26. Mooihoek Bravo – Zelda Prinsloo - KZNHS & SAEA – Silwer 69 punte
27. Mooihoek Biljet – Mooihoek Stoet – Enkeltuig – Brons 45 punte
28. Vlampie's Cha-Cha – SAB Krog Stoet – Bouvorm – Brons 26 punte
29. Vlampie's Cha-Cha – SAB Krog Stoet – Ry en Tuig – Goud 100 punte
30. Vlampie's Cha-Cha – SAB Krog Stoet – Ry en Tuig – Platinum 229 punte

Die volgende Ruiters verdien hulle Ere-Kleure en ontvang 'n sertifikaat asook 'n balkie vir die dissiplines tydens SA Boerperd skoue waarin hulle presteer het. Dra dit met trots en eer. Baie geluk aan:

1. Diedre Cloete – Ruiterkuns - 28 punte
2. Mia Joubert – 3-Gang – 38 punte
3. Kristen Joubert – 3-Gang – 32 punte
4. Linda Meintjes – 3-Gang – 27 punte
5. Maugaux Roux – Skouspring – 33 punte.



## 8.3 Buite prestasies

Ons deel graag met trots ons SA Boerperd ruiters en perde se prestasies in die oop skouwêreld met julle. Gebruik dus asseblief die amptelike *Facebook* blad SA BOERPERD TELERSGENOOTSKAP /BREEDERS' SOCIETY om onbeskaamd te spog met al julle prestasies! Hierdie spasie sou normaalweg in die nuusbrief gewy word aan alle ruiters en perde wat provinsiale kleure verwerf het. Die lys het egter nou al te lank en uitgebreid geword. Ons wil vanuit SA Boerperd geledere vir almal wat bydra om

ons ras se naam hoog te hou by **SANESA, ESASA, SAEA** (onder andere ook by die "inter regionals"), asook in alle dissiplines (Dressage, Skouspring, *Showing , Eventing,* Gimkana, Uithouritte, ens.) sê: **baie geluk**! Ons is trots op julle – doen so voort! Onthou: ons wil graag julle foto's sien op *Facebook!*

## 9. 2013 : 40 JARIGE BESTAAN VAN DIE *SA BOERPERD* RAS

2013 is 'n belangrike jaar vir die SA Boerperd as ras: ons vier regdeur die jaar ons 40ste bestaansjaar. Laat gerus u gedagtes gaan oor hoe ons die jaar spesiaal kan maak. Ons werk reeds aan 'n bylae in die Landbou Weekblad, asook talle artikels in ander tydskrifte soos bv. die HQ.

## 10. FINANSIES

**Jan Joubert**

Alle dienste wat voortaan deur die SA Boerperd Kantoor gelewer word, sal voortaan op 'n kontantbasis plaasvind. Dit beteken wanneer 'n diens aangevra word, moet dit vergesel word van 'n bewys van betaling, hetsy per tjek of EFT. Baie rekeninge het in die verlede agterstallig geraak en dit belemmer die gesonde finansiële bestuur en kontantvloei van die Genootskap. Die dienste en fooie struktuur is soos volg:

| **FOOIE STRUKTUUR / FEE STRUCTURE - 2012 / 2013** | **2013 Afgerond (BTW ingesluit)** |
|---|---|
| Intreefooi / Entry fee | R 140.00 |
| Ledegeld / Memebership fee | R 1,215.00 |
| Reklameheffing / Advertisement fee | R 450.00 |
| **Geboortekennisgewing / Birth notification** | R 20.00 |
| **Per Kapita / Per Capita** | |
| Alle geregistreerde perde / All registered horses | R 45.00 |
| **Oordragte: lede/ Transfers: members** | R 40.00 |
| **Oordragte: Nie-Lid / Transfers non-members** | R 130.00 |
| **Herinstelling van lid/ Re-instatement of member** | R 40.00 |
| **Herinstellings van Nie-lid / Re-instatement of non-member** | R 130.00 |
| **Herinstelling van Opgeskorte lid** | R 630.00 |
| **Duplikaat sertifikaat / Duplicate certificate** | R 40.00 |
| **Duplikaat sertifikaat: Nie-Lid / Duplicate certificate: non-members** | R 110.00 |
| **Keuring / Inspections** | |
| Fooi / Fee | R 435.00 |
| Spesiale / Special | R 715.00 |
| Hingskeuring per perd / Stallion Inspection per horse * | R 85.00 |
| Hingskeuring km fooi / Stallion Inspection km fee * | R 4.20 |
| **Registrasie van perde / Registration of horses** | |
| Hings / Stallion | R 90.00 |
| Merrie / Mare | R 90.00 |
| Reun / Gelding | R 90.00 |
| Nie-lede / Non-members | R 335.00 |
| **DNA KOSTE: lede / DNS COST: Members** | R 200.00 |
| **DNA KOSTE NIE-LEDE** | R 250.00 |
| **Geboortekennisgewingboek / Birth notification book** | R 140.00 |
| **Handleiding / Manual** | R 165.00 |
| **Meriete boeke / Merits book** | R 80.00 |
| **Laat Geboortekennisgewing (ouer as 6 maande)/ Late birth notification** | **R 230.00** |